

PROF. JONKER

Dokument model vir stellings

Tienie Hutcheons

DIE Barmen-verklaring wat in 1934 deur die Reformierten Kirche in Duitsland uitgereik is as 'n reaksie teen die ideologiese situasie in die Duitse Derde Ryk, het 'n model geword waarvolgens 'n groot getal stellings, verklarings en belydenisagtige dokumente sedert die jare sestig deur kerke in Suid-Afrika uitgereik is.

Prof. Willie Jonker van Stellenbosch het gister op die Calvyn-kongres van Suid-Afrika in Bloemfontein aangetoon hoe die Barmen-verklaring onder meer dokumente soos die People's Message, Belhar-belydenis en die Kairos-dokument beïnvloed het.

Ná meer as 250 jaar van belydenisstilte in die Christelike kerkwêreld was die Barmen-verklaring 'n verrassing. Oornag het kerke en Christelike bewegings wêreldwyd voor die uitdaging gestaan om hul openbare belydenis van geloof binne die werklikhede van die tyd te laat geld as iets wat tot die wesenlike bestaan van die kerk behoort.

Dié verklaring is 'n moedige getuienis vir die soewereiniteit van Christus binne 'n situasie van politieke totalitarisme en ongeregtigheid, en het 'n klimaat geskep waarbinne baie kerke bevryding gevind het om hul belydenisstaanplek te beklemtoon of te herbeklemtoon.

Die eerste soortgelyke dokument in Suid-Afrika was *The Message of The people of South Africa* (1968). Die Barmen-verklaring was egter nie die enigste wat invloed op die vorming van die "Message" uitgeoefen het nie.

Dr. Beyers Naudé en biskop Bill Burnett van die SA Raad van Kerke (SARK) is by die konferensie van die Wêreldraad van Kerke (WRK) in Genève in 1966 beïnvloed met die "Teologie van die Revolusie" en die *Program to Combat Racism.*

Weens die invloed van die WRK bestaan ook verskille tussen die Barmen-verklaring en die "Message".

Die NG Sendingkerk (NGSK) het in 1986 die Belhar-belydenis aanvaar. Agter dié belydenis is die ontwikkeling van 'n selfbewussyn en teologiese onderskeidingsvermoë van die lidmate en leraars van die NGSK.

Die Belhard-belydenis het gespruit uit die Teologiese Deklarasie wat in 1979 deur die Broederkring van die NG Kerk by Hammanskraal geformuleer is. Dié dokument, waaraan swart, bruin en Indiërpredikante saam gewerk het, beklemtoon dat God regverdigheid tussen mense eis, en dat die kerk die roeping het om teenoor onreg en die handhawers van onreg te staan.

Hoewel die NG Kerk nie saamstem met die vierde artikel van die Belhar-belydenis dat God op 'n spesiale manier die God van die verdrukte, arme en verontregte is nie, aanvaar hy die res van die belydenis as in ooreenstemming met die Skrif en die kerklike belydenis aangaande die koningskap van Christus.

Die Kairos-dokument van die Instituut vir Kontekstuele Teologie is die belangrikste belydenisverklaring wat in Suid-Afrika deur swart kontekstuele teoloë uitgereik is. Dit is egter nie 'n geloofsbelydenis nie.

Die Kairos-dokument is – anders as die Barmen-verklaring – 'n voorbeeld van kontekstuele politieke teologie op die basis van die Marxistiese ontleding van die maatskaplike lewe.

Die dokument *Geloof en Protes* van die Afrikaanse Protestante Kerk het die karakter van 'n kerklike belydenisskrif teenoor die NG Kerk se *Kerk en Samelewing* wat net 'n beleidstelling is.

Prof. Jonker het gesê die neiging tot so baie konfessionele verklarings in Suid-Afrika het in 'n mate te doen met die verband van die kerke met Calvyn.